

## **Sing vooraf staande: Psalm 68:2, 9 (p. 331)**

- 2 Maar al Gods volk, in Hom verheug, / sal opspring in hul sielevreug / en huppel voor sy oë;  
sy mag, wat alle mag oortref / en uit verneeding hul verhef, / sal nooit hul val gedoë.  
Hef tot Gods eer 'n danklied aan; / verhoog, verhoog voor Hom die baan; / sing, al wat leef, sy ere!  
Berei die weg, in Hom weer bly / wat deur die wye vlaktes ry: / sy Naam is HEER der here!
- 9 Geloof sy God met diep ontsag, / want Hy oorlaai ons dag aan dag / met ryke seëninge.  
Wie sou Hom dan nie dank bewys, / die God van saligheid nie prys, / met al die hemelinge?  
Dié God van volle saligheid / versterk ons in die dag van stryd / en dra ons deur die lewe.  
Hy kan en wil en sal in nood, / selfs as ons sidder vir die dood, / volkome uitkoms gewe.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## **Skrifberyming 1-1:1, 7 (24:1, 7)**

- 1 Geseënd sy bo alle dinge / die ewige God en Vader! Hy  
het in die hemel seëninge / vir ons in Christus toeberei.  
Na die besluit, uit Hom gebore / en ewig in sy wese vas,  
het Hy in Christus ons verkore / voordat daar tyd of wêreld was.
- 7 Ons sal, in lewe en in sterwe, / Gods eiendom vir altyd wees;  
ons sal wat Hy beloof het, erwe, / verseël deur die Heil'ge Gees.  
Hy is die waarborg ons gegewe, / die eerst'ling van die volle som;  
ons sal die reddingsdag belewe – / die gloriëdag van God, wat kom.

Geloofsbelofte: Apostolicum

Wet

## **Psalm 99:1, 3 (p. 492)**

- 1 God die HEER regeer. / Beef, o volke, eer, / eer die God wat troon, / waar die géruks woon;  
wat in Israel / sy gerig bestel. / Aarde en al wat lewe – / laat dit voor Hom bewe!
- 3 Loof Gods mag: Hy's reg / in sy oordeelsweg; / volke 't Hy gestraf, / Isr'els reg verskaf.  
Loof, verhef die HEER, / werp jul voor Hom neer; / en laat al wat lewe / voor die Regter bewe!

Gebed

## **Skrifberyming 8-1:1, 2 (14:1, 2)**

- 1 “Water sal ek op hul sprinkel, / water uit 'n springfontein”.  
En van alle onreinighede / was die HEER sy volk dan rein.  
“Nuwe harte gee 'k aan julle, / en Ek gee 'n nuwe gees;  
'k sal die hart van klip verwyder, / aan jul gee 'n hart van vlees.
- 2 “'k gee my Heil'ge Gees aan julle, / wat die krag verleen en trou  
om te wandel in my weë / en my wet te onderhou.  
En jul sal die land van seën / deur my seën weer verkry  
waar 'k 'n God sal wees vir julle, / jul 'n volk sal wees vir My.”

**Skriflesing:** Genesis 11:1-9; Efesiërs 2:11-22; Handeling 2:1-13

**Kernverse:** Genesis 11:6-8

**en toe sê Hy: “Hier is hulle een volk en almal het een taal. Hulle het nog maar net begin om iets te doen. Hierna sal niks wat hulle beplan vir hulle onmoontlik wees nie. Kom laat Ons afgaan en verwarring bring in hulle taal, sodat die een nie die ander verstaan nie.”**

**Die Here het hulle toe van daar af verstrooi oor die hele aarde, en hulle het oorgehou met die bou van die stad.**

(Genesis 11:6-8 AFR1983)

**Tema:** God gee uit genade gawes aan ons: Wat doen ons daarmee?

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons Westerse mense wil die Bybel lees soos 'n geskiedenisboek waarin elke hoofstuk logies volg op die vorige hoofstuk. Daarom is dit vir ons partymaal moeilik om die Bybel te verstaan. Want die Bybel is nou eenmaal nie 'n geskiedenisboek in die sin wat ons onder geskiedenisboeke verstaan nie. Die Bybel is God se besondere openbaring aan die mens sodat die mens Hom kan leer ken en Hom kan liefhê. Ja, daar is ook geskiedenis in die Bybel, maar dan is dit God se openbarings-geskiedenis. Wanneer ons dan in gedagte hou dat die Bybel nie blote geskiedenis aan ons oordra nie, begin ons 'n beter begrip kry oor hoekom sommige sake vanuit twee verskillende hoeke aan ons beskryf word. In Genesis 1 en 2 word die skepping vanuit twee verskillende hoeke aan ons geopenbaar. Hier in Genesis 11 het ons die tweede beskrywing van hoe die mensdom oor die aarde versprei het. Genesis 10 is die eerste beskrywing daarvan.

Tussen hierdie twee verhale is daar bepaalde verskille en bepaalde ooreenkomste. Volgens Genesis 10 se beskrywing lyk dit vir ons of die mensdom heel vreedsaam en spontaan oor die hele aarde versprei het. Maar Genesis 11 gee vir ons 'n heel ander beeld van die verspreiding van die mensdom. Dit het nie so spontaan gebeur as wat die Here bedoel het nie. Eintlik roep die vertelling in Genesis 10 reeds die vertelling van Genesis 11 vir ons op. In Genesis 10:5, 20 en 31 word daar vertel van onderskeie stamme, tale, lande en nasies. Terwyl daar in Genesis 11:1 nog van een taal gepraat word wat oor die hele aarde gepraat is. In Genesis 10:10 lees ons van Nimrod wat sy koninkryk begin het by Babel in Sinar. Genesis 11 vertel ons van Sinar en hoe Babel begin het. In Genesis 10:25 lees ons van Peleg in wie se tyd die aardbewoners verdeeld geraak het. Hier in Genesis 11 leer die Here ons hoe die mensdom regtig verdeel is. Dit wil sê, Genesis 11:1-9 pas eintlik, wat die tyd betref wanneer dit gebeur het, iewers in Genesis 10 in – om en by die vyfde geslag na Noag.

In daardie tyd het al die mense nog een taal gepraat oor die hele aarde. Dat al die mense nog een taal gepraat het, is 'n spikkel van die harmonie in die skepping wat na die sondeval nog oorgebly het. 'n Stuk genade wat die Here nog aan die mensdom bewys het. Hierdie mense het in die bergagtige gebied gebly waar die ark geland het. Of dit nou al die mense was of net die grootste deel van die mense, dit word nie vir ons gesê nie, maar hierdie mense het toe van die bergagtige gebied na die ooste, of eerder na die suidooste getrek. Dit is na die vlakte in Sinar tussen die Eufraat- en die Tigris-rivier. Hier het hulle nie klip gehad om mee te bou nie, want daar was nie berge naby nie. Maar die Here gee aan hulle die wysheid om stene uit die kleigrond te maak en die stene hard te brand. Hulle het hierdie stene en asfalt wat volop in die streek was, gebruik om te bou. Daar op die vlakte in Sinar het hulle hulle gevestig en 'n stad gebou. En in die stad bou hulle 'n toring waarvan die punt tot in die hemel moes reik, want hulle wil vir hulleself naam maak. Hulle wil beroemd wees en aansien hê. Hulle wil hulle naam onsterflik maak op die aarde. Dan sal hulle nie oor die hele aarde verstrooi raak nie.

Maar, geliefdes, die mens se sonde het die mens uit die verhouding met God losgeskeur. En as gevolg van die mens se eie hardkoppigheid het hulle veroorsaak dat die kloof tussen hulle en God net dieper en groter word. Noag het die Here nog gedien. Maar vyf geslagte later, vyf geslagte na die sondvloed, het die mensdom weer ver op hulle pad van sonde gevorder, weg van die Here af. Die Here het nog 'n eenheid met die een taal onder die mense as gawe gegee. Hy het wysheid aan hulle gegee om besluite te kan neem. Hulle het besluit om na vrugbaarder streke te trek. Hy gee

hulle die vernuf om stene te kan maak en 'n stad te bou. Maar in die gebruik van hulle gawes en die eenheid tussen hulle, en in hulle besluit om 'n stad te bou, dink hulle nie een oomblik aan God nie. Die hele tyd deur gaan dit net oor hulleself en hulle behoud wat hulle self wil verseker.

Trouens, hulle hele aksie van wegtrek en bou en naam maak is heeltyd sonder God. Maar nog erger, hulle hele aksie is teen God en sy bevel. Dit is nie dat die Here teen die bou van stede is nie. Stede is ook gawes wat die Here later aan sy volk sou gegee het toe hulle in die beloofde land gekom het. En tussen al die stede het die Here die stad Jeru-salem gekies waar sy tempel gebou moes word. Aan die einde van die tye sal die Here die nuwe stad – die nuwe Jerusalem – uit die hemel laat kom waar al die uitverkorenes tot in ewigheid sal bly. Nee, die bou van die stad was nie teen God en sy bevel nie.

Die mensdom se saamkoekery soos 'n klomp bye om 'n heuningkoek sodat hulle vir hulle naam kan maak en nie oor die aarde verstrooi raak nie, dit was teen God se bevel. Drie maal voor hierdie gebeure het die Here die opdrag gegee, eers aan Adam en twee maal aan Noag:

**Wees vrugbaar, word baie en bewoon die aarde en bewerk dit**

(Genesis 1:28 AFR 1983; vgl. Genesis 9:1 en 7).

Die weg wat die Here vir die mensdom aandui om te gaan lyk vir hulle na ondergang – na tot niet gaan. As hulle oor die aarde versprei, is hulle swak, maar as hulle bymekaarbly, is hulle sterk. Eendrag maak mos mag. Die mensdom werk sonder God, hulle werk teen God om 'n menslike eenheid daar te stel teenoor die eenheid en bevel wat die Here in sy Raad vir die mensdom bepaal het. Hy het die hele aarde geskape sodat die mensdom die hele aarde kan bewoon en bewerk tot eer van sy heilige Naam.

Dan sê die Gees:

**Die Here het afgekóm om te kyk na die stad en toring wat die mense vir hulle gebou het.**

(Genesis 11:5 AFR 1983)

Die Here spot met die mensdom oor sy dwaasheid. Met hulle toring wil hulle tot in die hemel kom, maar die Here kom af om na hulle werk te kyk. Selfs die grootste werk van die mens bly steeds maar klein. Maar daar is ook genade in die woorde van vers 5. Die Here kom eers die mens se werk ondersoek voordat Hy dit beoordeel. Geliefdes, die mensdom kan nou maar eenmaal nie onafhanklik van God bestaan en werk nie. Die Here sal Homself in die werk van die mens inlaat. Dit gaan egter nie vir die Here net oor die werk van die mensdom nie, maar oor die gesindheid waarmee hulle werk.

Luister hoe beoordeel Hy hulle werk:

**Hier is hulle een volk en almal het een taal. Hulle het nog maar net begin om iets te doen. Hierna sal niks wat hulle beplan vir hulle onmoontlik wees nie**

(Genesis 11:6 AFR 1983).

Dit beteken nie dat die mens se werke en gedagtes gevaar vir God inhou nie. Dit beteken wel dat die mens al verder van God af sal gaan, Hom al meer ontken as hulle God; ja, dat die mens selfs sy eie god wil word. Die weg waarop hulle gegaan het, sal nie hulle voortbestaan vir hulle verseker nie. Nee, hierdie weg loop uit op 'n totale vernietiging. Die mens sal homself deur sy sonde vernietig as God nie keer nie.

Daarom besluit God, nadat Hy met Homself beraadslaag het, om die mense se taal te verwar. Voordat God die mens geskep het, het Hy met Homself beraadslaag. En nou wanneer die mens gekeer moet word om nie verder op sy pad van sonde te gaan nie, beraadslaag die Here weer met

Homself. So hoog het God self die mens bo al sy ander skepsels gestel. Daarom beraadslaag die Here ons God eers met Homself.

Die hele mensdom moenie so bymekaar bly nie. Hulle moet oor die hele aarde versprei, want die hele aarde moet deur die mens bewoon en bewerk word. As die mens nie gehoorsaam wil wees aan die opdrag van die Here en so sy Raad uitvoer nie, sal Hy hulle dwing om dit te doen. Wat hulle saamgebind het, was hulle een taal. En deur hulle een taal het hulle een gesindheid gehad, naamlik om teen God te werk. In werklikheid wou hulle met Hom wedywer, want hulle meen dat hulle beter weet as Hy.

Deur hulle taal te verwar voer God sy oorspronklike plan van taalverskeidenheid en verspreiding oor die aarde deur. God het met 'n wonderdaad veroorsaak dat die een mens nie meer die ander kon verstaan nie. Hy wat aan die mens die vermoë gee om te praat en te verstaan, veroorsaak dat hulle mekaar nie meer kan verstaan nie. Wat eintlik heel spontaan en in harmonie sou gebeur het as die mens gehoorsaam gebly het aan God, gebeur nou op 'n ongelukkige manier. Daar sou 'n verskeidenheid van tale gekom het op 'n heel organiese manier as die mense sou versprei het oor die aarde. Maar omdat God hulle taal moes verwar om wel sy plan deur te voer, kom daar verdeeldheid en verskeurdheid onder die mensdom. As die mense nog 'n goeie gesindheid teenoor mekaar gehad het, sou hulle mekaar se tale maklik genoeg kon aanleer. Maar nou, as gevolg van hulle sondigheid, is daar 'n onmag en 'n onwilligheid om mekaar te verstaan. In plaas van te versprei, word hulle verstrooi. In plaas van verskeidenheid is daar nou verskeurdheid.

Die mensdom het na eenheid buite God en sy bevel om gestrewe. Daarom het alles uitloop op die teendeel. In plaas van eenheid is daar verstrooiing en verdeeldheid. So het die mensdom in homself verdeeld geraak. Hulle is nie net onder mekaar verdeeld nie, maar daar is ook verdeeldheid tussen hulle en God. Hulle is letterlik en geestelik verstrooid.

Geliefdes, in God se oordeel oor die mensdom hier by Babel sien ons nogeens die genade van die Here. Hy het aan Noag belowe dat Hy nie weer die aarde met 'n watervloed sal tref oor die sonde van die mens nie. En Hy bly getrou aan sy belofte, daarom verwar Hy hulle taal en verstrooi Hy die mense oor die aarde.

Na aanleiding van Genesis 10 verstaan ons dat God tog 'n verskeidenheid wil hê en nie 'n verskeurdheid nie. God wil 'n eenheid in hierdie verskeidenheid hê en Hy sal dit bewerkstellig. Daarom begin Hy opnuut met Abram en die volk wat uit hom gegroei het. En die Here laat die hele skepping en die hele mensdom op Jesus Christus afstuur. Deur aan die kruis te sterf ook vir die sonde van verdeeldheid onder die mensdom, het Christus die muur van skeiding tussen die nasies afgebreek. In Hom het Hy weer al die nasies in hulle gelowiges tot 'n nuwe mensheid gemaak. Al die gelowiges saam – van watter kultuur, of nasie, of volk hulle is – is een nuwe mensheid. En die eenheid wat hierdie mense saambind, is die een ware geloof in Jesus Christus, ons Verlosser. Dit is die geestelike eenheid wat God wil hê daar onder die mensdom moet bestaan – 'n eenheid wat tot eer van sy heilige Naam op die aarde bestaan.

Geliefdes, die Here ons God het voor die oë en ore van die mense hierdie geestelike eenheid begin. Deur sy Gees het Hy aan sy dissipels die vermoë gegee om in een oomblik in verskillende tale die groot daad van God te verkondig. Dit het op Pinksterdag gebeur. Die Gees het nie die verskillende tale, kulture en nasies tot niet laat gaan nie. Hy het die verdeeldheid in 'n verskeidenheid omskep. In en oor hierdie verskeidenheid bring Hy 'n eenheid tot stand wat oor alle grense heen gaan – die geestelike eenheid van die een ware geloof.

Nou moet ons in die lig van God se Woord na ons eie doen en late kyk. Die Here het ook aan ons gawes gegee uit sy genade. Wat doen ons met hierdie gawes? Is ons besig om daarmee vir onself

'n naam te maak? Wil ons onself handhaaf buite God en sy bevel om? Of gebruik ons hierdie gawes om God te eer en ons naaste te dien? Gebruik ons die gawes wat die Here gegee het om ons taal en ons kultuur en ons volk ten koste van ander tale, kulture en volke te handhaaf? Wanneer ons so optree, speel ons in die hand van 'n sondige verdeeldheid en verskeurdheid.

Daar is vandag onder die mensdom weer 'n eenheidstrewer. Die mense praat dan van 'n *global village*. Selfs in ons eie land word daar van so 'n menslike eenheid gepraat; dink maar aan die een *reënboognasie* wat wyd en syd verkondig word. Ons moet mekaar mooi verstaan; ons praat nie nou politiek nie. Dat daar 'n eenheidsgevoel onder verskillende mense in een land bestaan, is goed. Die Here het immers aan al die verskillende mense hierdie een land gegee as 'n gawe. Maar ons moet die eenheidsgevoel toets aan die Skrif. Is dit die eenheid wat die Here wil hê, of is dit 'n eenheid wat buite God en sy bevel om tot stand kom? Tans is die pogings in Suid-Afrika om nog die eenheid in ons land rondom die nasionale sportspanne te bou, maar ons weet dit is net 'n tydelike eenheid. As die toernooi verby is, is die eenheid ook weg. Intussen is daar egter 'n ander eenheid wat aan die broei is. Dit is 'n eenheid wat al oor baie jare kom. Dit is die poging om alle godsdienste maar as dieselfde te wil bestempel. Almal sal mos kwansuis op die einde by dieselfde punt uitkom. Geliefdes, wanneer ons weer gaan lees wat die Here vir ons in Openbaring 13 openbaar, dan sien ons dat dit eintlik die groot vyand van God en die kerk is wat hierdie soort eenheid gaan bewerkstellig deur al die nasies, volke en tale en konings te mobiliseer teen God en sy kerk. Met hierdie soort eenheid sal ons nie kan saamgaan nie, want dit is dieselfde eenheid van Babel in Genesis 11.

Tog is daar 'n eenheid waarmee die Here self begin het deur sy Seun en Gees. In sy Seun het Hy die skeidsmuur tussen nasies, kulture en tale afgebreek om een nuwe mensheid vir Hom daar te stel. Sigbaar en hoorbaar het Hy dit deur sy Gees gedoen sodat sy groot daad aan alle nasies in hulle eie tale verkondig kan word. Oor die wêreld heen is daar 'n eenheid tussen nasies, volke en tale. En hierdie eenheid is die ware geloof wat God as gawe aan al die nasies in hulle gelowiges gee. Ook in hierdie land van ons is daar so 'n eenheid. Maar wat doen ons met hierdie gawe van eenheid? Leef ons hierdie eenheid uit en bewaar ons dit tot eer van God? Of maak ons ook 'n bespotting daarvan soos wat die Jode in Jerusalem gedoen het op Pinksterdag?

Geliefdes, wanneer ons net met Christene van ons eie taal, kultuur en nasie gemeenskap wil hê, is ons weer besig om die skeidsmuur op te rig wat Christus met sy bloed uitgewis het. Wanneer lidmate in een gemeente net met die mense van hulle eie ouderdom, posisie, of finansiële krag wil gemeenskap hê, is hulle besig om die skeidsmuur wat afgebreek is in die kerk van die Here op te rig.

Die Heilige Gees het 'n eenheid in hierdie gemeente gesmee en danksy die Gees se genadige werk en die gehoorsaamheid van lidmate word hierdie eenheid gehandhaaf. Ongelukkig is dit ook so dat daar oor 'n klomp jare nou al 'n verdeeldheid dreig te kom in die GKSA en op plekke begin dit al soos 'n verskeurdheid te lyk. Maar dank die Here dat Hy deur sy getroue diensknegte werk om die eenheid in die ware geloof weer te herstel op daardie plekke. Mag die Heilige Gees daardie kerke en daardie klassisse lei om in liefde by die waarheid te bly. Maar ons moet die kring nouer om onself ook trek. In die klassis waar ons is, is daar ook verskille. Ons kan hierdie verskille aanblaas en opblaas, maar waar eindig ons dan? Persoonlik is ek oortuig dat ons gemeente by die waarheid is. Waarskynlik nie honderd persent nie, want dan was ons volmaak en ons is nog nie. Mag die Heilige Gees ons ook lei om in liefde by die waarheid te bly sodat ons die eenheid wat die Heilige Gees gesmee het tussen die verskillende Gereformeerde Kerke in die Skiereiland ook kan handhaaf.

Menslike eenheidstrewer wat God en sy bevel misken, is verkeerd. Maar die Here het aan ons gawes gegee om tot eer van sy Naam en tot voordeel van ons naaste te gebruik. Laat ons hierdie

gawe van eenheid wat die Here aan al die gelowiges gegee het, bewaar en gebruik. In die eerste plek hier in die kerk van die Here waaraan ons behoort. Ons moenie ons gawes en vermoëns as maatstaf gebruik om te besluit met wie ons gemeenskap gaan hê nie. In die tweede plek ook buite hierdie kerk van die Here met ander kerke van die Here. Ons moenie ons persoonlike oortuigings, voorkeure en afkeure gebruik om te besluit met watter Christene ons gemeenskap gaan hê nie. Laat ons nie weer die skeidsmuur tussen mense, volke, tale en nasies oprig nie.

**Amen!**

Slotgebed

Skrifberyming 19-3:1, 2, 3, 4 (25:1, 2, 3, 4)

- 1 Genade en vrede sy oor ons / van God wat in die hemel woon,  
wat is, wat was en kom, en van / die sewe Geeste voor sy troon;
- 2 van Jesus Christus, onse Heer, / in sy getuig'nis altyd trou;  
die Eersgeboorne uit die dood, / wat dood en doodsrag nie kon hou,
- 3 wat oor die konings heers tot hul / die krone neerwerp aan sy voet –  
Hy wat ons liefgehad het en / ons rein gewas het in sy bloed!
- 4 Tot konings het Hy ons gemaak, / tot priesters om sy Vader te eer;  
Hom sy vir ewig eer en krag, / wat nou oor alles triomfeer.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Ds Coen Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
27 Mei 2012